

**Verwelkoming van nuwelingstudiante en hul ouers, Coetzenburg, 22 Januarie 2015, 18:00.
Opmerkings deur prof Leopoldt van Huyssteen,
Bedryfshoof en waarnemende Rektor en Visekanselier, Universiteit Stellenbosch (US).**

Dankie, dr [Gillian] Arendse [van Studentesake, vandag se seremoniemeester]. *Good evening everyone!* Naand, almal. *Molweni; wamkelikile*. Dis fantasties om almal van u te sien, veral die eregaste ... dis nou ons nuwelingstudiante. Julle is die belangrikste hier, hoewel ons jul ouers natuurlik ook hartlik verwelkom. Baie welkom ook aan ons Raadslede en kollegas hier teenwoordig, lede van die Studenteraad en huiskomitees, asook ander studenteleiers en -mentors.

Dames en here, dit is vir my heerlik om u almal vir die 2015- akademiese jaar by die Universiteit Stellenbosch te verwelkom. Ons nuwelingstudiante staan aan die begin van 'n wonderlike ontdekkingsreis. En ons gaan elke tree van die pad saam met julle loop. Moenie 'n fout maak nie ... dit gaan nie 'n luilekker wandelinkie wees nie. Julle gaan 'n paar harde bene kou! Maar uiteindelik sal dit die moeite werd wees!

Daar wag 'n onverbeterlike ervaring op julle. Hier gaan jy die kans kry om jou eie denke te slyp. Hier gaan jy uitgedaag word om hoër te mik as ooit. Gryp hierdie geleentheid aan! Jy is hier om jou drome te bewaarheid, soos julle nou-nou met die ballonne gaan sien. Jou ambisie om 'n dokter te word, 'n ingenieur, 'n wetenskaplike, 'n onderwyser – net wat jy wil – dis alles binne bereik. Maar dan moet jy self verantwoordelikheid daarvoor neem.

Die feit dat jy hier is, beteken jy is 'n presteerder. Ons het meer as 22 000 aansoeke ontvang vir net 5 000 studieplekke. Elkeen van julle is dus met die hand uitgesoek. Ons glo in jou! Maar onthou, universiteit is nie skool nie. Hier het jy baie meer vryheid. En daarmee saam kom 'n verantwoordelikheid, soos dit jong volwassenes betaam.

Hierdie Universiteit speel in die hoogste liga, maar ons gee ook om. Ons gee baie om daarvoor dat jy sukses as student sal behaal. Verlede jaar het Stellenbosch *Times Higher Education* se lys van die 300 voorste universiteite wêreldwyd gehaal. Met ander woorde, ons tel onder die top 2% van hoëronderwysinstellings wêreldwyd. Van ewe groot belang, egter, is dat ons nou al 'n hele aantal jare 'n eerstejaarsretensiekoers van meer as 86% handhaaf, terwyl die nasionale gemiddeld 50% is. Boonop is ons voorgraadse slaagkoers meer as 83% – die heel beste in die land.

Daarom wil ek alle ouers en voogde van nuweling-Maties verseker dat u “jong volwassene” in goeie hande is. Die US is 'n hoogs suksesvolle universiteit en maak gevolglik 'n besonder stewige waardeaanbod. Ons besef dat u hier 'n beduidende belegging in die toekoms van u kind maak. Wat ons in ruil bied, is 'n opvoeding van wêreldgehalte deur top-akademici in 'n stimulerende omgewing met fasiliteite wat voortdurend opgradeer word.

Ons streef ook na toeganklikheid. Stellenbosch bied meer beurse as die meeste ander universiteite in die land – ongeveer halfmiljard rand per jaar. Op dié manier open ons die deur na geleerdheid vir diegene wat van 'n opvoeding uit die boonste rakke droom maar dit nie kan bekostig nie.

Dames en here, net soos elk van u drome vir die toekoms het, so het die Universiteit Stellenbosch 'n droom – om denkleiers vir die toekoms te produseer. Met ander woorde, dinamiese, selfstandige jongmense wat uitdagings met vertroue aanpak; oopkop, verantwoordelike jongmense wat ons land

en vasteland en planeet kan help vooruitgaan en 'n beter plek word. As Maties is ons inklusief, innoverend en toekomsgerig. Dis ons visie vir 'n suksesvolle universiteit.

Julle lyk so mooi in jul Matie T-hemde, wat wys hoe ons in ons verskeidenheid verenig is. Ons elkeen is 'n individu, maar ons almal is Maties – en dis hoekom ons die krag vier wat in diversiteit lê. As Maties vorm ons 'n eenheid, ongeag ons verskille. Wat ons aan mekaar verbind, is sterker as dit wat ons skei.

As Maties neem ons verantwoordelikheid nie net vir onself nie, maar ook vir andere. Die afgelope paar jaar het die Universiteit 'n bykomende R10 miljoen spandeer om kampusveiligheid te versterk. En ons werk baie nou saam met die betrokke owerhede om ons omgewing te beveilig. Maar jy kan self ook baie doen om te help. Pas jou besittings op, pas jouself op, pas jou maats op. Stellenbosch is 'n oop kampus. Moet veral snags nooit alleen rondbeweeg nie, en wees altyd bewus van wat om jou aangaan.

Dames en here, ons het nou baie na die toekoms gekyk. Maar ek wonder of u besef hoe geskiedkundig hierdie oomblik is? In 2018 word die Universiteit Stellenbosch honderd jaar oud as openbare instelling – die oudste universiteit in die land saam met die Universiteit van Kaapstad. En daar is reeds vanjaar, volgende jaar en in 2017 belangrike mylpale onderweg na ons eeufees se hoogtepunt in 2018. Julle studies val dus in 'n besondere tydperk. Julle volg in die voetspore van honderdduisende Maties die afgelope eeu, maar julle gaan ook baanbrekerswerk doen vir die volgende 100 jaar wat wag!

Welkom dus by Maties, waar die toekoms vandag begin! Ons gaan baie dinge saam beleef tussen nou en daardie dag wanneer jy 'n graad van die Universiteit Stellenbosch verwerf. Teen dan gaan julle elkeen – én ons – ander mense wees, verander en verryk deur wat ons saam hier ervaar het. Geniet die reis. Dit belooft om van die heel beste jare in jou lewe te wees!

Dames en here, ten slotte stel ek graag 'n paar mense voor wat die pad saam met julle gaan stap. Ek begin by die DEKANE: prof Nico Koopman, Teologie; prof Jimmy Volmink, Geneeskunde & Gesondheidswetenskappe; prof Sam Tshela, Krygskunde; prof Maureen Robinson, Opvoedkunde; prof Sonia Human, Regsgeleerdheid; prof Hansie Knoetze, Ingenieurswese; prof Johan Hattingh, Lettere & Sosiale Wetenskappe; prof Louise Warnich, Natuurwetenskappe; prof Stan du Plessis, Ekonomiese & Bestuurswetenskappe; en prof Danie Brink, wat waarneem by Agriwetenskappe.

Laat my ook toe om lede van die US BESTUUR aan u voor te stel: prof Arnold Schoonwinkel, Viserektor vir Leer & Onderrig; prof Eugene Cloete, Viserektor vir Navorsing & Innovasie; en mnr Johann Aspeling, die Registrateur.

Dames en here, weereens welkom, *wamkelikile, welcome!* En onthou ... eenkeer 'n Matie, altyd 'n Matie! *Maties forever!*